

Sing vooraf: Skrifberyming 2-2:3 (34:3)

- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 33:1 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet onderneem ons voor God 'n lewe van gehoorsaamheid aan sy wil met
Psalm 40:4 (p. 205)*

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 31:17 (p. 147)

- 17 Geloof sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Skriflesing: Markus 6:14-29

Teks: Markus 6:19

En Heródias het 'n oog op hom gehad en wou hom om die lewe bring en sy kon nie. (Markus 6:19 AFR1953)

Herodias het daarna 'n wrok teen hom gekoester en wou hom laat doodmaak, maar sy kon nie,
(Markus 6:19 AFR1983)

Ons manier van liefhê moet op die onsienlike gerig wees en moet die trekke van die volmaakte ewige God vertoon.

- Daarom moet ons liefde die liefde wees wat die slang se kop vermorsel – waarvan die Here praat in Genesis 3:15.
- Dit moet 'n liefde wees wat ons naaste vrymaak van die valsheid en die druk van die lewe.
- Dit moet die liefde wees wat die beeld van God in ons vertoon.

Let op na die volgende:

1. Gebrek aan liefde laat so 'n mens die beeld van die satan vertoon.

2. Die Here se liefde is ons voorbeeld en dit moet deel van ons menswees wees.

1. Gebrek aan liefde laat so 'n mens die beeld van die satan vertoon.

Dit is 'n eenvoudige stukkie geskiedenis wat vertel word, maar tog is dit 'n baie belangrike stuk geskiedenis – daarom vertel drie van die evangelies die geskiedenis.

Mens kan wonder waarom Johannes ontevrede was met hierdie huwelik – want die Bybel sê baie duidelik dat hulle getroud was. Ons weet uit buite-Bybelse geskiedenisboeke dít:

- Herodes het sy eie vrou, die dogter van Aretas die koning van Arabië, verstoot.
- Sy het toe weggeloop.
- Daarna het Herodes met sy broer Filippus se vrou, Herodias, getrou.
- Dit is waarom Johannes ontevrede was met hierdie huwelik.

Johannes die Doper het as profeet opgetree:

- Hy het Herodes bestraf omdat hy met sy broer Filippus se vrou getrou het.
- Lukas (3:19) noem dat Johannes Herodes ook nog vermaan het oor *al die ander slegte dinge* wat hy gedoen het.

Hierdie prekery het die twee mense gegrief – veral vir Herodias.

Herodias was ook nie die maklikste mens nie.

- Sy kon Johannes nie vergewe dat hy oor hulle huwelik gepraat het nie.
- Daarom het sy al Johannes se ellendes veroorsaak.
- Die evangelies volgens Markus en Matteus stel dit baie duidelik dat Herodes Johannes laat vang en hom in die tronk opgesluit op aandrang van Herodias.

As mense wraak in hulle omdra, waai dit ook nie oor as sulke mense nie tot bekering kom nie.

- Daarom word dit onthou dat Herodias 'n geleentheid gesoek het om Johannes dood te maak – maar aanvanklik kon sy nie 'n geleentheid kry nie.

Toe het daar 'n geleentheid opgeduik:

- Tydens Herodes se verjaarsdagviering het die dogter van Herodias voor die gaste gedans.
- Wat die Bybel nie uitdruklik sê nie, omdat dit in die tyd toe die Bybel geskryf is algemene kennis was, is dat die gaste wat by Herodes was, net manne was.
- Markus onthou dat dit Herodes se groot manne en die owerstes oor duisend en die vernaamstes van Galiléa was (Markus 6:21, 22).

Herodias se karakter kom hiermee duidelik uit:

- Al hierdie manne was lekker gekuier, maar sy het nie beswaar dat haar dogter halfkaal, soos die gebruik was, vir hierdie manne gaan dans nie.
- Dit is asof die Heilige Gees sê dat iemand wat ander kan haat en heeldag met wroeging rondloop, ook nie goeie sedelike waardes het nie.

Herodes was in elk geval so in sy skik met sy stiefdogter se vertoning dat hy in sy beskonkenheid met 'n eed beloof het dat sy tot die helfte van sy koninkryk vir haar sal gee as sy dit vra.

- Dit was die geleentheid wat Herodias gebruik het om Johannes te laat doodmaak.

Let op na die betekenis hiervan:

- Die Heilige Gees laat hierdie feit opskryf sodat ons in al die eeue wat kom daarop bedag moet wees dat 'n mens wat vol haat en wroeging is, tot die lelikste dade in staat is.
- Dinge wat eie is aan die Satan, selfs om mense dood te maak, word deel van hulle wraak op medemense.
- Daarmee verlaag hulle beeld van die koningsbeeld van God af tot die beeld van Satan – wat 'n beeld is van dood en verderf.

Kom ons gaan kyk vir 'n oomblik wat die Bybel ons leer van mense wat met 'n wrok teen ander mense rondloop.

- 'n Lelike gesindheid in iemand dryf hom om nie net teen medemense sleg te wees nie.
- Sulke mense se haat gaan later so ver dat hulle nie huiwer om dit teen God self te rig nie.
- Die Here Jesus het byvoorbeeld geweet dat die priesterhoofde Hom uit afguns uitgelewer het (Matteus 27:18; Markus 15:10).

U moet nie die indruk hê dat hierdie sonde van haat en nagaandigheid teen ander mense waarskynlik net vir buitekerklikes en ongelowiges bestem is nie.

- Op 'n ander plek verhaal die Bybel dat die hoëpriester en al sy ondersteuners, wat aan die party van die Sadduseërs behoort het, met afguns vervul was (Handelinge 5:17). Dit is die kerkleiers van wie die Here hier praat!
- Afgunstigheid en nydigheid op mekaar maak dat mense sommer 'n koers kan inslaan wat baie verkeerd is.
 - 'n Voorbeeld van so iets is die Jode wat die groot opkoms van Christene gesien het.
 - Die Bybel sê dat hulle met afguns vervul is.
 - Hulle het telkens Paulus se preke weerspreek en hom beledig (Handelinge 13:45).
- Die Heilige Gees vertel wat met mense gebeur wat van die Here af wegraak en eiewillige godsdienste beoefen:
... hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid;
(Romeine 1:29 AFR1953)

2. Die Here se liefde is ons voorbeeld en dit moet deel van ons menswees wees.

Die vraag is nou of mens uit hierdie bouse ketting kan loskom as hy eenkeer daarin vasgevang is.

- Die antwoord is: Ja! Ons kan hierdie dinge in 'n bekeringslewe heeltemal uitsny.
- Daarom sê die Here ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglik hoort.

Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie.

(Romeine 13:13 AFR1953)

Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie.

(Romeine 13:13 AFR1983)

Het u opgelet dat die Here haat en onverdraagsaamheid in dieselfde asem noem as uitspattigheid en onsedelikheid?

Ons moet nie die idee kry dat hierdie dinge in die tyd van die Nuwe Testament eers onder mense posgevat het omdat hierdie dinge in die brief aan die kerk in Rome geskryf is nie.

- Toe die Here die Tien Gebooue gegee het, het Hy al gesê dat ons nie wraakgierig of haatdraend teenoor ander mense mag wees nie.
- Ons mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor 'n medemens nie (Levitikus 19:18).

Nou wat moet ek doen? Die Here gee in dieselfde vers 'n duidelik opdrag:

Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here. (Levitikus 19:18 AFR1983)

Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.

- Hy stel dit duidelik dat dit nie saak maak of die ander mens skuldig of onskuldig is oor die saak waarvoor jy ongelukkig is nie.
- Ons het moet net ons naaste liefhê soos onself.

As daar nog iemand is wat met die Here sou wou redeneer oor hierdie saak of oor sy eie posisie wat moontlik te na gekom kan wees, sê die Here net:

- Ek is die HERE. Dit is die Verbondsgod.
- Dit is sy naam waarmee Hy juis sulke mense hulle sondes vergewe en hulle verlos om vir ewig saam met Hom te kan lewe.
- Ons belewe dit elke keer wanneer iemand gedoop word, dat die Here 'n verbondskind in sy Naam sy eiendom verklaar het en aan hierdie kind saligheid en die ewige lewe beloof.
- Dit is hoe die Here met ons werk.

Daarmee sê die Here:

- Jy is voor my in presies dieselfde posisie as die een wat jy haat.
- As Ek jôu kan vergewe en verlos, moet jy dit ook doen, anders gaan jy verlore.

'n Onvergewensgesinde en haatdraende mens kan nie op die Here se liefde en vergewing aanspraak maak nie.

- Ons mag nie mense afskryf omdat ons iets teen hulle het nie.
- Ons moet aan hulle steeds die hoogste liefde bewys – en ons moet dit nie skynheilig doen nie.
- Ons moet eerlik wees.

Die Here gee aan ons 'n duidelike opdrag:

Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: Dit is my reg om te straf; Ék sal vergeld, sê die Here. (Romeine 12:19 AFR83)

My kom die wraak toe en die vergelding, op die tyd as hulle voet sal wankel; want die dag van hulle ondergang is naby, en wat oor hulle beskik is, kom gou. (Deuteronomium 32:35 AFR1953)

. . . as Ek my glinsterende swaard skerp gemaak het en my hand na die strafgerig gryp, sal Ek wraak oefen op my teëstanders en my haters vergelde. (Deuteronomium 32:41 AFR1953)

Jubel, o nasies, oor sy volk, want Hy sal die bloed van sy knegte wreek, en Hy sal wraak oefen op sy teëstanders en versoening doen vir sy land en sy volk. (Deuteronomium 32:43 AFR1953)

Alle wraak word gereserveer vir die Here self. Hy sê dat die wraak en die vergelding Hom toekom.

Ons weet tog wie Hy is:

Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel. (Hebreërs 10:30 AFR1953)

Ons weet ook presies hoe die wraak van die Here werk. Hy sê Hy oefen wraak uit op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie (2 Tessalonisense 1:8).

. . . wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie.
(2 Tessalonisense 1:8 AFR1953)

Dit gaan oor die woorde ***die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van die Here Jesus nie gehoorsaam is nie.***

- Hulle alleen word deur die wraak van God vernietig.

Die res word nie deur die wraak van God vernietig nie.

- Dit beteken nie dat die Here nie wraak neem oor hulle sondes nie.
- Hy neem wraak, maar op iemand wat in hulle plek gestel word, sodat God op Hom in plaas van op hulle kan wraak neem.

Waarom kom hulle vry? Die rede is voor die hand liggend:

- Hulle glo in God en hulle glo in die redding deur die Here Jesus Christus.
- Daarom verlos die Here Jesus hulle deurdat Hy die wraak van God wat op hierdie mense moet afkom, op Hom neem.

Die Here Jesus se kruisdood laat iets met ons gebeur.

- Omdat God klaar wraak geneem het op ons sondes, maak die Here ons heilig.
- Dit is die konsekwensie daarvan dat Jesus vir ons gesterf het.

Die apostel Paulus het geskryf:

Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is. (Romeine 5:10 AFR1953)

Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, nou dat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word (Romeine 5:10 AFR1983).

Daarom is die Heilige Gees ook uitgestort om ons heilig te maak – deur die mens se val in die sonde het heiligmaking nodig geword.

- Heiligmaking is 'n gebeurtenis wat net aan hierdie kant van die graf kan gebeur.
- Anderkant die graf kan daar niemand meer tot bekering kom en sy sondes afsterf sodat hy verlos kan word nie.
- *Heiligmaking is 'n buitengewone werk van die Heilige Gees, want waar geen heiligmaking plaasvind nie, bly die sonde in die mens voortbestaan.*

In die proses van heiligmaking vestig die Heilige Gees die liefde van God in ons.

- Liefde staan lynreg teenoor haat en wroeging.
- Ons kan hoop op hierdie verlossing en hierdie liefde omdat dié hoop nie beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het (Romeine 5:5).

Let op dat daar 'n groot verskil is tussen gewoon liefde en die liefde van God.

- Heidene het ook lief, maar hulle het nie lief met die liefde van God nie.
 - By ongelowiges kom 'n liefde voor wat deur een Skrifverklaarder (Kuyper) diereliefde genoem word.
 - Hy sê dat ongelowiges dieselfde liefde as diere het vir die wat naby aan hulle is – hulle sal ander doodmaak ter wille van hulle eie voordeel.

Die soort van liefde wat gelowiges het, is heeltemal anders.

- Hulle het die liefde van God.
- Die liefde van God onderskei hom van alle ander vorme van liefde omdat dit 'n liefde is wat so teer is dat God self 'n mens geword het en self in sy eie toorn ingegaan het om die wat Hy liefhet van die ewige dood te verlos.
- Dit is nie 'n liefde waarin Hy ons met haat wil vernietig nie. Dit is 'n liefde waarmee Hy sy kinders vir ewig laat lewe – God is liefde (1 Johannes 4:8).

Die liefde van God wat in ons gevestig word deur die Heilige Gees, is 'n liefde wat twee bene het:

- Dit het ontsag vir God.
- Dit het die grootste respek vir ons medegelowiges.

Ons kan dus die wese van liefde net ken as ons God self ken.

Hierdie liefde het 'n bepaalde karakter. Dit moet getuig van selfverloëning en opoffering teenoor ons medemens.

- Die Here het hierdie bepaalde liefdesuiting in ons ingeskep, naamlik 'n sedelike verwantskap wat mense vir mekaar voel.
- Die doel daarvan is dat ons in onderlinge harmonie met mekaar moet lewe.

U kan self oordeel of u die liefde van God ken.

- Is jou liefde/vriendelikheid/toegeneëntheid teenoor ander mense bloot uit pligsbesef, of kom dit vanself?
- As jy 'n spontane band met die Here het, sal dit vanself in jou wees en sal jy mense wil liefhê en beskerm – en nie soos Herodias van wraak wil lewe en ander mense selfs wil vermoor om jou haat en wroeging teenoor hulle te bevredig nie.

Ons manier van liefhê moet op die onsienlike gerig wees en moet die trekke van die volmaakte ewige God vertoon.

- Daarom moet ons liefde dié liefde wees wat die slang se kop vermorsel.
- Dit moet 'n liefde wees wat ons naaste vrymaak van die valsheid en die druk van die lewe.
- Dit moet die liefde wees wat die beeld van God in ons vertoon.

Amen.

Slotgebed

Psalm 133:1, 1 (p. 650)

- 1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! – / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek – / so sal die liefde liefde wek.
- 2 Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,
op Sions berg: die HEER gebied die seën,
die lewe tot in ewigheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 26 Oktober 2008